

Botsing by 4-rigting stop

Op 1 Oktober om 17:30 was daar 'n botsing by die 4-rigting stop van Pierce- en Heilstraat. Die meeste Heilbronners is bewus daarvan dat jy van al die kante af moet stop, maar net 2 van die 4 rigtings het egter stoptekens en strepe is oud en onsigbaar. Een van die twee tekens wat wel opgesit is word versteek deur 'n boom. Hierdie het daartoe gelei dat 'n bekende onderwyser van Hoërskool Heilbron, Saret Viljoen met haar rooi Toyota Etios en 'n onbekende persoon met 'n wit Kia Picanto

in 'n botsing was. Die presiese gebeure van die ongeluk is nog nie bevestig nie, maar die voorval herinner elke padgebruiker daaraan om versigtiger in die dorp te wees. Groot ongelukke gebeur nie net op die oop paaie nie. Die Kia Picanto is erg beskadig en Saret se motor is afgeskryf. Sy het beserings aan haar bors opgedoen as gevolg van die slag van die "airbags". Die familie dank die gemeenskap vir hulle vinnige reaksie en hulp by die ongelukstoneel en almal se ondersteuning.



Toyota Etios van Saret Viljoen.



Kia Picanto.

Wie gaan Riemland Matriekafskied paartjie vir 2019 wees?

In 2018 was die wenners van Die Riemland Matriekafskied Paartjie: Anusckha Dieperink en Junior Mouton.

Wie gaan Riemland Matriekafskied paartjie vir 2019 wees? Met die eindksamen om die draai het talle matrieks hulle laaste skooljaar saam met hulle klasmaats afgesluit deur die skool se jaarlikse matriekafskied.

Met die matriekafskiedgees op sosiale media kan jy nou 'n kans staan om met jou gunsteling foto 2 x A2 canvasses by Heilbron Herald te wen.

Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en hierdie twee canvasses is jou en jou metgesel s'n! Stuur jou matriekafskiedfoto via Facebook-messenger vir die Heilbron Herald Facebook-blad waarna ons dit dan op die blad sal laai en soveel moontlik "likes" gewerf kan word.

Foto inskrywings sowel as "likes" sluit 25 Oktober om 08:00. Geen foto's of "likes" word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Wanneer die foto gestuur word, dui asseblief aan wie die paartjie is - Naam en Van.

Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 1 November. Vir enige navrae

skakel Silma by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers!

Bepalings en voorwaardes:

- Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om te kan inskryf.

- Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 25 Oktober 2019.

- Heilbron Herald se besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

- Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.

- Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê jy mag: "Like, Love, Haha, Wow, Sad en Angry" gebruik vir die kompetisie.

- Slegs paartjies wat in 2019 'n matriekafskied bygewoon het kan deelneem.

- Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald Large Format Division en verdere reëlings te tref.

Op die foto: Anusckha Dieperink en Junior Mouton, verlede jaar se wenners.



FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Elke Donderdag te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwd Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"

APRILIAFSAK: Frankfort 220, Frankfort, 9630
Tel: 083 210 7135 Fax: 083 210 7137
E-pos: frankfort@bkb.co.za
Reg. No. 2008/029173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za





(Langs Telwiedrè Voere)
Laerstraat • Heilbron

VEILINGSDATUMS

VRYDAG
11 Oktober om 11:00

SATERDAG
26 Oktober om 11:00

Vir enige navrae of uit-die-hand verkope kontak
WOLTER 084 407 9394
Implemente inskrywings is ook baie welkom.

Inskrywings nou oop op Facebook!

Like us on  Heilbron Herald

Misdaadverslag

Op 28 September is twee persone gearresteer vir die besit van dwelms. Die voorval het gebeur langs Boulevard in die hoofstraat en "Crystal Meth" en "Nyaope" is by hulle gevind.

Slegte nuus vir Heilbronners - motordiefstal neem steeds toe. Sien berig elders op die bladsy. Kontak die SAPD indien jy enige verdagte voertuie gewaar.

Heilbron Clinic NEWS

SUICIDE

90% of suicides are caused by a treatable and/or temporary mental illness. 4 out of 5 people will suffer from a mental illness in their lifetime.

Help Break the Stigma

REACH OUT

HELP SAVE A LIFE talk about it

Talk About It

If you or anyone you know have been experiencing suicidal thoughts, please seek help

Suicide is not caused by weakness or a lack of courage, but rather by having had to be strong for too long

EVERY 40 SECONDS someone dies by suicide

Suicide Victims are not "weak", "selfish" or "cowards"...



They are fathers, mothers, sons, daughters, husbands, wives, partners, brothers, sisters, uncles, aunts, nephews, nieces, cousins, grandchildren, grandparents and friends who were in great pain and are missed and loved every single day. Choose your words carefully and please... don't judge what you cannot possibly understand.

Raise awareness not stigma.

Out of the Ashes/FB

SUICIDE HELPLINE:

0800 12 13 14

LIFELINE SA

0861 322 322

SADAG HELPLINE

0800 567 567

SMS: 31393

POSSIBLE SUICIDE WARNING SIGNS:

- Regular talking or joking about suicide.
- Depression (hopelessness)
- Preparing for death (giving away valuable items to love ones.)
- Self-criticism (I should give up etc.)
- Personality change (overly negative / not enjoy things perviously enjoyed)
- Neglect in hygiene and appearance due to depression
- Obsession with death
- Self-harm (drug / alcohol and harming self)
- Withdrawal and isolation
- History of mental illness – and past suicide attempts.

CONTACT NUMBERS FOR FURTHER INFORMATION ARE:

TEL: 051— 408 1897 / 1705
FAX: 086 621 9759
Toll free number: 0800 53 55 54

terugblik



HEILBRON HERALD, VRYDAG 8 OKTOBER 2010 SENIORS WORD BEDERF

Een Woensdag per maand gaan lede van die Heilbron Dienssentrum op 'n verrassingsbederf. Hierdie groep het op 7 Oktober by OJ's ingeval en heerlijk gesmul aan die skons, koffie en tee. Hulle is vl: Mev Elsie Boshoff, Joey en mnr Frank de Vos, mev Alida Pienaar, Mienie van Deventer, Doreen Steenkamp, Edna en mnr Koeks Naude, Mev Ria van Vuuren, Annatjie Roets en Magdaleen Kruger.

Musiekfees NG Moedergemeente

Musiek liefhebbers van Heilbron en omgewing word eersdaags op 'n heerlike musiekfees getrekteer in die kerkgebou van NG Moedergemeente, Heilbron. Die geleentheid vind Saterdagmiddag, 12 Oktober om 14:00 plaas. Die orrel word opgeknip en Professor Theo van Wyk van die Universiteit van Pretoria gaan optree. 'n Aantal ander musikante kom ook saam om die geleentheid af te rond. Dit belooft om 'n besondere geleentheid te wees, moenie dit misloop nie!

Jongmense word ook spesiaal uitgenooi om musiek uit verskeie eras te kom geniet. Jy mag dit dalk meer geniet as wat jy gedink het!

NG Moedergemeente Heilbron

nooi u hartlik uit na 'n

Musiek, Sang & Orreluitvoering

ter viering van Kerkmusiek en her-inwyding van die Pyporrel

onder leiding van Professor Theo van Wyk, Universiteit van Pretoria

12 Oktober 2019 om 14:00
NG Moedergemeente kerkgebou

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 | Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer ...



Eisstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033
Faks: 058 853 0140
heraldnuus@heilbron.co.za

Grootouerdag Oupa- en Oumadag

Grootouerdag, of Oupa- en Oumadag, is 'n dag waarop kinders hulle grootouers eer. Jongmense word aangemoedig om hulle ouma's en oupa's te respekteer. Hier in Suid-Afrika het meeste mense gedink dit is net 'n oulike gebeurtenis wat deur kleuterskole gehou word, maar dit is 'n dag wat jaarliks op die eerste Sondag van Oktober gevier word - hierdie jaar 6 Oktober 2019. Dit is egter kort na die Internasionale Dag vir Ouer Persone, wat op 1 Oktober gedenk word. Idees vir grootouerdag sluit in: Skryf 'n briefie en sê dat hulle die beste is, pluk vir hulle blomme, of neem 'n foto saam hulle en laat druk dit. Indien jy nie meer grootouers het nie, gaan besoek 'n ouetehuis met blomme of samel geld in ter ondersteuning van ouer mense.



Gesoek: Nuuskierige ore!

Daar vind eersdaags 'n heerlike Orrel- en musiekuitvoering in die NG Moedergemeente se kerkgebou op Heilbron plaas om die belangstelling van veral jonger geslagte te prikkel. Daar is 'n kommerwekkende afname in die liefde vir orrel- en tydlose kerkmusiek. Om te probeer bewys dat dit nie net vir ouer ooms en tantes bedoel is nie word jongmense en kinders uitgedaag om te kom luister of daar nie dalk regtig iets spesiaal aan dié instrumente is nie! Hier is pragtige 'eenheids' pyporrels in Heilbron wat uitroep vir bietjie aandag en waardering maar ongelukkig staan hulle meestal in onbruik. Pyporrels word

ongelukkig net met swaar 'outydse' musiek geassosieer maar daar is geen ander instrument wat 'n groep mense so lekker kan laat saamsing nie. Gewilde moderne musiek kom en gaan met minder of meer doef-doef, maar 'n pyporrel, indien korrek gespeel, troef enige ander instrument by vêre. Vir alle musiek liefhebbers, 'n pyporrel is nie net 'n outydse afgeleefde instrument nie, kom kuier en luister saam, jy mag dalk heel aangenaam verras word! Moenie dit misloop nie, daar is 'n klein verrassing of twee vir kinders / jongmense. Sorg net dat jy die program by die kerk kry en hou jou oë oop!

Dis heerlike Lente die Winter is verby...

Met bloeisels wat in die dorp al meer gesien word aan bome is lente een van die vier seisoene van die jaar en volg na winter. Gedurende lente word die dae langer en die nagte korter en Heilbronniers kon waarnaem dat die son al vroeër opkom en later gaan sak. Meteorologies gesproke val die maande September, Oktober en November in die Suidelike halfrond. Astronomies gesproke begin lente egter met die lentedag wat gewoonlik op 22 of 23 September val. Egter vier Suid-Afrikaners

lentedag op 1 September. Van ons sal egter nie saamstem dat die wetenskaplike gesproke lente begin het nie aangesien die land in Oktober steeds bibber van die koue. Met gedeeltelik bewolkte toestande word boere geterg met die moontlikheid van reën, humiditeit is hoog, maar 15-30km/h winde waai alles weg. Die weer lyk of dit sal draai oor die naweek en temperature wat sal styg tot bo 30 in omliggende omgewings en lente uiteindelik gaan begin. Kyk die weervoorspelling op bladsy 5.




Nuwe winkel nou oop by Wentworth Square

Julius en Lize Bobbert, 'n getroude paartjie oorspronklik van Heilbron, het besluit om hulle weer in Heilbron te vestig. X-Cyte Galore het amptelik op 1 Oktober 2019 oopgemaak en is geleë in Wentworth Square Nr 3 - ons eie winkelsentrum in die dorp. Hierdie winkeltjie was eers in die Vaaldriehoek

waar hulle ander winkels ook bedryf het. Hulle het egter Heilbron toe geskuif weens Wentworth se winkel wat dubbel die grootte is as wat X-Cyte in die Vaal was. Dit is ook baie skoon en rustig met veilige parkering en 'n aangename atmosfeer. Hulle het 6 jaar terug begin om opvoedkundige appa-
 ratte te

verkoop en so het die winkel uitgebrei deur ander produkte ook aan te hou. Die opvoedkundige appa-
 ratte word aan meer as 5000 skole verskaf. Hulle verkoop ook kosmetiese lyne, kostuums, juwele, speelgoed, visvang- en partytjebenodigdhede, swemtoerusting en nog vele meer. Julius sê dat hulle baie vooruitsigte vir die toekoms het en wil binne die volgende twee maande nuwe items aanhou wat aan jou jag-, baba- en sporttoerusting sal voorsien. Hulle kry elke naweek nuwe voorraad in. Wanneer jy die winkel binnestap word jy met 'n vriendelike gesig, Ria Smit, verwelkom. Sy dra elke kliënt se behoeftes op die hart en sal hardwerkend seker maak jy kry waarna jy soek. Hierdie span is opgewonde om elke kliënt te ontmoet.



Nederduitsch Hervormde Kerk Heilbron
 Nooi alle belangstellendes om deel te wees van ons
BASAAR
 SATERDAG
 12 OKTOBER

- Braaivleisets
- Tjops, Wors, Sosaties, Slaai, Pap & Sous
- Pannekoek • Kerrie & Rys
- Basaar Nagereg • Koektafel
- Vleistafel
- Koffie, tee & koeldrank

Hoërskool Reitz se trots



Hoërskool Reitz se trots loop oor vir die leiders wat aan die Nasionale Eskom Ekspo in Johannesburg deelgeneem het. Deelnemers was: Carla Fiva, Guillaume Taljaard, Dané Dorfling en Luan Strauss. Twee van die leiders het die aand van 26 September toekennings losgeslaan by 'n spesiale prysuitdelingsfunksie, Guillaume vir die deelnemers se wen-projek, waarmee hy 'n kontantprys losgeslaan het en Luan Strauss het 'n R200 000 prys losgeslaan vir die befondsing vir die begin van sy eie besigheid.

WIMPIE PRODUKSIEVEILING BEEFMASTERS

Woensdag 9 Okt. 2019 om 11:00, Vredelort
Aanbod 35 Bulle & 50 Vroulike diere
 *Draagligheid sal heftig wees op veiling

Navrae: Martin 082 654 6006 & Wimpie 076 983 0364 (Eienaars)
 Lukas 082 497 6793 (Afslaer)
 Gert 082 377 8565 (Bemarker)

Reete: 076 27058329 27058585

VREDEFORT | VERBODEN TOEGANG | 082 303 8236 | www.vredelort.co.za

'N SAD STORIE MET 'N HAPPY ENDING

Hoekom het ek al my klere gewas sodat ek genoeg gehad het om in te pak?

Twee weke voor hulle vertrek was hulle by 'n funksie wat MediClinic in Potchefstroom gehou het. Hulle moes by vreemde mense aan tafel sit.

DIE VREEMDES HET GEVRA HOE LANK HULLE AL GETROUD IS, WANT HULLE LYK SOOS PASGETROUES.

Mense het gedink dat hulle spandabelrig lewe, want hulle was saam in Duitsland, Switserland, Engeland en Oostenryk, die Victoriavalle en die Okavango. Hoekom? Want hulle sou nooit weer die geleentheid gehad het nie.

Dit was 'n wonderwerk om telefoon-oproep te kry van mense wat net kennis was, en nou 'n hand kom uitsteek om te help. Mense wat ek nog nooit voorheen gesien het nie, het hulle hulp, motors, geld, dienste aangebied.

Toe ek hoor hoeveel tuisdorpers by Liena se begrafnis gaan wees, het ek gehuil. Sommer net lekker gehuil. Abrie sê toe: "Maar ons is dan jou nie-bloedfamilie." Dis reg. Julle is soos familie. Die liedjie sê mos: "Die mense wat ek liefhet, kom groei op my soos mos..."

Met Liena se begrafnis moes ek gaan teken het dat



ek haar in ontvangs neem. Ek het vir die boeties gesê dat EK nou die eenaar van Liena is. Hulle vra toe wat ek met haar gaan doen? Ek sê dat ek haar met julle gaan deel. Net soos wat sy alles met ons gedeel het.

Deon se ereadiens was waarlik 'n dankie-sê diens aan die Here. Ons sing: "U goedheid Heer, kan ons nie peil nie". Ons sing "Kom dank nou almal God". Ons bring lof aan God vir 'n ongelooflike vrou, dogter, sussie, vriendin. Frank sit 16 rooi rose en 5 vyf pienk rose op haar kis. Allie en Frank sit hulle twee briefies op haar kis. Ek gooi 'n meter van die mooiste lap waarvan sy sou hou, oor haar kis, en 'n rugbyspeler swart roubandjie wat hy met die rugbywedstryd gedra het, op haar kis neer.

MY MA HET LIENA SE KLERE WAT SY AANGEHAD HET TYDENS DIE ONGELUK, GEVAT. Niemand was veronderstel om dit te weet nie, maar op 'n manier het ek dit te hore gekom. Ek het haar klere gewas en laat stryk en dit teruggegee vir my ma. Dit was my laaste liefdesdiens wat ek aan Liena kon bied.

En ons harte huil oor ons rooikop. Maar ons hoor haar lag, klokhelder, daar waar sy nou is.
1 Augustus 2004

GEBED VAN 'N PERSOON WAT OUER WORD

"Here, U weet beter as ek self dat ek besig is om ouer te word en binnekort oudsal wees. Weerhou my van praatgierigheid en veral van die dodelike gewoontes en dink dat ek tans sê moethoorelke onderwerp en met elke geleentheid.

Verlos my van die drang om almal se sake te wil probeer regstel. Maak my versigtig, maar nie buierig nie, hulpvaardig maar nie baasspelerig nie.

Met my opgegaarde bron van onbeperkte wysheid, lyk dit so 'n verkwing om dit nuut te deel nie. Maar U weet, liewe Heer, dat ek aan die einde van die dag nog 'n paar vriende wil oorhê. Bewaar my van die herhaling van eendelose besonderhede - gee aan my verkeer by die kern van 'n saak te kom.

Ek vra genoeg genade om geduldig na die verhaal van ander se pyne te luister. Verseele gtermilippe vir my eie kwale en probleme - hulle vermeerder met elke vertelling en diegenotom hulle optediep word soet soos die jare verbygaan. Help my om hulle met geduld te verduur. Ek durf nie om te vradek betersalonthou nie, maar tog pleik vir groei en nederigheid en minder selfversekerdheid wanneer my standpunt bots met dié van ander. Leermidiedureles dat dit moontlik is dat ek van tyd tot tyd verkeerd kan wees.

Hou my betreklik dierbaar. Ek wil nie 'n heiligeweese nie - dit is moeilik om met sommige van hulle saam te leef - maar 'n suur en nukkerige oumens is een van die Satan se meesterstukke. Gee aan my die vermoë om goeie dinge in onverwagte plekke te sien en verrassend talente in mense te ontdek. En gee my die besondere genade, Here, om dit vir hulle te sê".

Skrywer onbekend - Bron: Uit die Skatkamer van God - Solly Ozroevch

"Ouderdom is 'n sierlike kroon; dit word bereik deur dié wat reg lewe."
Spreuke 16:31

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Bediening aan die Jode / Biddag vir Bejaardes
Sondag: 09:30 Erediens / Kleuterkerk
Sin Kol: Fonds vir Begeleiding
Teologiese Studente
Kategorie / Gemeentetee Blok 4
Gemeentevrouevergadering

NG SUID

Biddag vir Bejaardes / Bediening aan die Jode
Sondag: 09:30 Tienerdiens
Sin Kol: Beursfonds vir Teologiese Studie
Kinderdiens in die saal / Kategorie open
10:30 Afsluiting Vrouelidmate

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Erediens
Kol: Thuso-fonds / Diensbeurte: Wyk 2 & 3

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
Sondae: 10:30 Erediens / Kategorie 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAT 72

Sondae: 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
Sondag 10:00 Erediens (Heilbron)
Deurkollekte DVB
VBO Les 25 / Susters Bestuursvergadering
Skinkbeurt Groep 2

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag 10:00 Erediens - **Kontak** MP Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. GEREK. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur
Woensdag: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdientse & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00
Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00
Biduur Dinsdae om 10:00 / Bybelstudie Donderdae om 10:00
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.
GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisge-
meentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience
he proves that he believes).

Heilbron
Herald

GEMEENSKAPSNUUS

Op en Wakker Dienssentrum

vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag
09:00 Kooroefening
Dinsdag
09:00 Bloeddrukke
Woensdag
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
Donderdag
10:00 Sosiale program
Vrydag
09:00 Bybelstudie
Kontakpersoon
Petro Pretorius
082 325 1322

Heilbron Dienssentrum

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:
08:45 - Gimtrim
DINSDAE:
09:30 - Bloeddrukke
word geneem.
10:00 - Ledeprogram
(Elke week iets anders)
WOENSDAE:
10:00 - Speletjies,
Jukskei ensovoorts.
Elke week iets anders.
DONDERDAE:
17:00 Kooroefening
**Geen byeenkomste
tydens skoolvakansies**



RIEMLAND MUSEUM TYE

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week
vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.

Die rus ingegaan

† Johannes Petrus Steyn is oorlede
in die ouderdom van 85. Hy is
oorlede op 23 September 2019. Sy
diens was 27 September 2019 en
het plaasgevind by AGS Kerk en
was waargeneem deur Pastoor
Leon Deysel. Die verassing was
30 September 2019. Hy word ge-
mis deur familie en vriende.

GEKLASSIFISEERD
Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eenaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za (Kommersieële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersieële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL- KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eet- gerei, stoof en 2 oonde, gelisen- sieerde kroeg beskikbaar. **Bespreek by Hannalie Claassen 079 040 0531** G

WOONSTEL TE HUUR

1 Slaapkamer, badkamer, kombuis, sit-, eetkamer. Ten volle gemeubileerd met gordyne. Water en ligte ingesluit. Enkelopende persoon. Onmiddellik beskikbaar **Tuckerstraat 48 Tel: 081 541 5566 SKB**

WEIDINGS- PLAAS TE HUUR

Onmiddellik beskikbaar. Skakel Eienaar **076 529 3888** K

ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoel geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

EIENDOMME • EIENDOMME



VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF
www.heilbroneiendom.co.za

ANNELIZE 082 331 9856

HEILBRON NUUT IN DIE MARK:

4 Slaapkamerhuis met 2 bad- kamers, sitkamer, eetkamer, kombuis. Dubbel motorhuis en swembad. Erf veilig omhein. **R850 000**

HUISE TE HUUR

• 3 Slaapkamerhuis met 2 bad- kamers, kombuis, sitkamer, eet- kamer. Enkel motorhuis met 'n afdak. Beskikbaar 1 Oktober 2019. **R5 900 pm**

EEN SLAAPKAMER WOONSTEL

• Sitkamer, kombuis, enkel slaapkamer met badkamer. **R2 800 pm**

VEGKOP: Netjiese 4 slaap- kamerhuis met 2 badkamers, kombuis met baie kaste. sit- kamer, eetkamer, dubbel motorhuis. Netjiese tuin met swembad, veilig omhein. **R900 000**

HUISE TE HUUR

• 3 Slaapkamerhuis met 2 bad- kamers, kombuis, sitkamer, eet- kamers. Dubbel motorhuis met 'n afdak. Gevestigde tuin. Beskikbaar 1 Oktober 2019. **R5 200 pm**

Kontak my gerus indien u 'n huis wil koop of verkoop.

BETREKking

VAKANTE POS

Bonus Hardeware benodig die dienste van 'n manskop.

Vereiste: Bestuurslisensie. CV's kan ingehandig word by Bonus Hardeware Breëstraat 31, Heilbron.

Sluitingsdatum: 18 November 2019 R

Die Herald se fabriek sluit die 13de Desember 2019. Bring asb. u drukwerk vroegtydig om teleurstelling te voorkom. Fabriek open DV 8 Januarie 2020.

HEILBRON HERALD U EEN STOP WINKEL

BESIGHEIDSURE
Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00
Vrydae: 07:30 tot 16:30 Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigd- hede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veilig- heidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes - 083 308 9159

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENK HEILBRON PLEK:

N.G Kerksaal (Suid)
• 26 November



TE KOOP

GiG Technologies East, Reliable Wireless Internet Now Available!! From R299.00 p/m
Kontak: 082 541 1495

SKOOLTERMYNE

• Sluit 4 Desember

VOER TE KOOP

Vir navrae. Kontak **083 688 8256** K

JAAR- BEPLANNER

OKTOBER

12 SPAR-Gholfdag
23 Huis- en Tuinbouklub vergadering

WEERVOORSPELLING

Vr 4 Okt.	12 / 29	Warm
Sa 5 Okt.	13 / 33	Warm
So 6 Okt.	12 / 32	Warm
Ma 7 Okt.	15 / 29	43% kans vir donderbuie
Di 8 Okt.	14 / 29	Gedeeltelik bewolk, warm
Wo 9 Okt.	12 / 30	41% kans vir donderbuie
Do 10 Okt.	13 / 24	45% kans vir laatmiddag buie
Vr 11 Okt.	14 / 25	48% kans vir reën
Sa 12 Okt.	14 / 25	Sonnig
So 13 Okt.	14 / 25	56% kans vir donderbuie
Ma 14 Okt.	14 / 26	Gedeeltelik bewolk

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma kantoorure by **058 852 3033.**

7	9		2	6	8	
	2	5		7		4
				2		
1	9			7		6
8	6	7	1	9	5	4
5	4					9
4	3	5	7	8		2
	6	4				1
9	8	5	6			3

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

Thomson's Auto Body Repairs
We are looking for a qualified panelbeater with at least 10 years experience, not older than 40 years of age
Contact: 051-9242095 / 0824542357 / email: admin@thomsonsa.co.za
21 King street, Ladybrand 9745

Stand out from the rest of the crowd!
R160 incl.
Get your own green & gold in-store Sweaters now available
058 852 3033
44 Els street, Heilbron
SPRINGBOK

AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

'n Onvergeetlike Sodwana vakansie

Sonbrand, sokkies en kampvuurstories. Vir die 24ste opeenvolgende jaar neem meneer Ters en juffrou Bertina Janse van Rensburg weer die graad 11 leerders van Hoërskool Heilbron op 'n onvergeetlike 5-dag Sodwana vakansie. Dit was son, sand en see met 'n bietjie reën. Hulle besoek die haaien duik-museum om tyd om te kry, daar het hulle later 'n "jackpot" geslaan met 50% afslag op klere. Op Sodwana is die pynappels 'n maaltyd op sy eie en kinders was al rou geëet daaraan. Die klas het mekaar beter leer ken en geleer hoe om saam te werk en as een te funksioneer. Daar het natuurlik dinge gebeur waarom hulle nog vir jare sal lag en onthou. Sodwana was vir hulle werklik die lekkerste vakansie en sal nog vir lank gekoester word.



Skool reünie - 19 Oktober

Die komitee van JC Class 1977 (Junior Sertifikaat) nooi elke leerling uit wat in hierdie jaar by Phiritona Sekondêre Skool klaar gemaak het om deel te wees van 'n reünie. Hulle het 42 jaar terug hulle skoolloopbaan voltooi en het besluit om op 19 Oktober 2019 'n feesviering te hou. Alhoewel baie van die leerlinge wyle en gestremd is, word die reünie gehou om te onderhandel oor die toekoms in terme van kriminele oortredings, mishandeling en straat boewery.

Die koördineerders vra met eerlikheid en respek vir ondersteuning en hulp en moontlike borge om hierdie reünie te kan hanteer. Kontak vir Ben Poho by 072 337 5678 of 078 640 4075 of Thoko Kumalo by 073 220 1398 vir meer inligting.

Bank besonderhede:
Ref: JC Students
Class of 1977
Rekeningnommer:
798703911
Standard Bank



Verteenwoordig Somer Bokkieweek



Handré Britz, Tiaan Britz, en Wynand du Plessis het deelgeneem aan die somer bokkieweek 7's vanaf die 24ste tot die 28ste September 2019 in Vereeniging. Hulle het vir die Transvaal streek deel geneem 0/14.

Uitsonderlike prestasie behaal

Danek Meyer, 'n graad 7-leerder van die JA Malherbe Primêre Skool Petrus Steyn het onlangs 'n uitsonderlike prestasie in Wiskunde behaal. Hy is verkies om aan die uitdunrondes van die Wiskunde Nautilus-uitdaging deel te neem vir die verkiesing van die Vrystaat-Noordkaapspan.

Wat hierdie prestasie uitsonderlik maak is dat Danek in graad 7 is en met hoofsaaklik graad 8 en 9 leerders moes kompeteer. Nogtans behaal hy die B-span.

Op 7 September het hierdie Wiskundespanne aan die ASSA SA Wiskunde-spankompetisies deelgeneem. Nege-en-sewentig spanne word ingeskryf by die Junior-afdeling. Die Vrystaat-Noordkaap B-span, waarvan Danek lid was, het 16de geëindig by hierdie nasionale kompetisie.



KOM WYS JY IS TROTS

EGTE SPRINGBOK WERELDBEKER T-HEMDE R199

BESTEL NOU GROEN (S - 5XL)
VOORRAAD IS BESKIKBAAR BY

Heilbron Herald

Jong boer maak skoonskip by Vetveeving

Tydens September het Flip Snyman (30) geen kompetisie 'n kans gegee by die onderskeie vetveevinge nie. Sy eerste oorwinning was tydens die Frankfort Vetveeving, waar hy die pryse ontvang het vir die swaarste bees op die veiling, met 'n asemrowende gewig van 1135kg, sowel as swaarste groep van 3 osse, met 'n gemiddelde gewig van 1005kg.

Daarna het hy die kompetisie aangepak by Hersa se jaarlikse boeredag, met 'n groep beeste, waarvan 7 oor 1100kg gewee het! Hy het vir die derde agtereenvolgende jaar weggestap met die trofee vir Swaarste Bees op die veiling, met 'n astronomiese lewendige gewig van 1335kg. Hy het ook in die kategorie swaarste groep van 5 C-Graad Beeste, weggeleef met die beker.



Herman Pieterse, Flip Snyman en Liaan Greyvenstein, die WG-Skale verteenwoordiger (Borg op die dag).



Flip Snyman met sy Hersa wen-os karkas wat 895kg warm gewig uitgeslag het.

Het jy geweet?...

Die woord "Bybel" kom van die Griekse woord "biblia" wat "boeke" beteken. Die alledaagse Bybel is dus eintlik 'n minibiblioteek met 'n versameling van 66 boeke. Die Bybel bestaan uit die Ou Testament wat 39 boeke bevat en

die Nuwe Testament wat 27 boeke bevat. Die Joodse Bybel bevat egter presies dieselfde boeke as die Christelike Ou Testament, maar die boeke word net in 'n ander volgorde gerangskik. Die Bybel is 'n boek wat oor 'n tydperk van minstens 1200 jaar geskryf is deur 'n verskeidenheid skrywers, van profete tot skaapwagters en konings.

Calendar & Deskpads Pricelist

2020 Calendars

A4 Full Colour on Gloss Board			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 130	R 130	R 260
50	R 160	R 170	R 330
100	R 210	R 210	R 420
200	R 300	R 300	R 600
300	R 390	R 400	R 790
500	R 570	R 580	R 1,150
1000	R 1,030	R 1,040	R 2,070

A3 Full Colour Calendar on Gloss Board			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	R 140	R 140	R 280
50	R 210	R 210	R 420
100	R 300	R 305	R 605
200	R 490	R 500	R 990
300	R 670	R 680	R 1,350
500	R 1,040	R 1,050	R 2,090
1000	R 1,970	R 1,980	R 3,950

A3 Full Colour Ringbinder Calendar			
1 Month to view + Front Page (13 Pages)			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	490	500	990
50	1520	1520	3040
100	2590	2600	5190
200	4550	4560	9110

Triangular Desk Calendar Fullcolour on Gloss Board			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
100	R 460	R 460	R 920
200	R 610	R 620	R 1,230
300	R 740	R 740	R 1,480
400	R 860	R 870	R 1,730
500	R 980	R 990	R 1,970
1000	R 1,720	R 1,730	R 3,450

Triangular Desk Calendar Ringbinder, 2 Months to view, fold over pages			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 505	R 505	R 1,010
100	R 820	R 830	R 1,650
200	R 1,480	R 1,490	R 2,970
500	R 2,850	R 2,850	R 5,700

2020 Deskpads

A4 Full Colour Deskpads			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	220	R 235	R 455
50	630	R 635	R 1,265
100	1070	R 1,080	R 2,150
250	1830	R 1,840	R 3,670
500	3480	R 3,480	R 6,960

*Printed on Bond Paper + Backing Board

A3 Full Colour Deskpads			
Qty	Deposit	on Delivery	Total
10	340	R 350	R 690
50	1070	R 1,080	R 2,150
100	1770	R 1,770	R 3,540
250	3480	R 3,480	R 6,960
500	6320	R 6,330	R 12,650

*Printed on Bond Paper + Backing Board

Pamflette gedruk deur Heilbron Herald kan gratis in die Herald geplaas en versprei word.

*Prices INCLUDE Vat

Heilbron
Herald

Herald Sport

Inskrywingsgelde – R250
Halfway en aandete Ingesluit
Spelformaat : IPS

Afslaan vanaf 11:00
Inskrywings sluit 10 Oktober

Navrae : Naomi 082 598 9957 of
Gerrie 083 620 7018

Heilbron
SPAR

HEILBRON
GHOLFklub

BESIGHEIDSURE

MAANDAE TOT DONDERDAE

07:30 tot 17:00

VRYDAE - 07:30 tot 16:30

SATERDAE - 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Elsstraat 44 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

Herald

Office
National

Netbal - Bokkie Somerweek



Die volgende leerders van Hoërskool Wilgerivier het tydens die vakansie aan die Netbal Bokkie Somerweek deelgeneem en baie goed presteer. Lirene Bester was Kaptein van die NOFS 0/15 netbalspan. Elmé Muller en Christine Malan word gekies vir die Bokkie Presidentspan (A-span), Lené Richter en Lirene Bester word vir die Bokkie Gazellespan (B-span) gekies. Hul span eindig derde uit 15 spanne in die toernooi.

Heilbron Duiweklub Nuus

Verlede Saterdag het die eerste wedvlug vanaf Beaufort-Wes plaasgevind. Die duiwe is 06:25 losgelaat en Zenith se wenduif het die 763km teen 'n gemiddelde spoed van 82 kpu afgelê en was 15:47 terug by sy hok.

Die trok het teruggekom en die tweede wedvlug duiwe is om 07:30 op Drie Susters losgelaat. Dit was 'n afstand van 706km. Frik Viviers se wenduif was om 16:32 terug by sy hok.

Alhoewel dit baie warm was en 'n noordweste wind gewaai het, het die duiwe baie goed gedoen.

Zenith se Beaufort-Wes wenner is eerste in die VPU en Frik se Drie Susters wenner is sewende in die VPU.

DRIE SUSTERS OPE

1. F Viviers, 2. F Viviers, 3. Zenith B, 4. Crause & Seun, 5. F Viviers, 6. F. Viviers, 7. F Spangenberg, 8. Crause & Seun, 9. Crause & Seun, 10. F Viviers.

BEAUFORT-WES OPE

1. Zenith B, 2. Zenith A, 3. F Viviers, 4. Zenith B, 5. Zenith B, 6. F Viviers, 7. Zenith B, 8. F Viviers, 9. Zenith B, 10. F Viviers.



Dr Piet van Zyl met die Uniewenner wat Beaufort-Wes gewen het, saam met die twee hokbestuurders van Zenith hokke, Pieter en Frans.

JAARPROGRAM : 2019 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
5 OKTOBER	SKIET OEFENING	09:00
5 OKTOBER	TROFEE MEET	09:00
19 OKTOBER	.22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET	10:00
8 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK	18:30
23 NOVEMBER	"D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS	
31 DESEMBER	LEDEGELDE VIR 2020 MOET NOU BETAAL WORD	

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



JJ Hadebestraat 97,

Frankfort, 9830

Sel: 082 569 7205

Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIJKSTE veilings

MAANDAG - 7 OKTOBER 2019

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 8 OKTOBER 2019

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Boeta Maroe 073 949 8786

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7988

WOENSDAG - 9 OKTOBER 2019

VILJOENSKROON : NIEKERKSRUST SAVM STOET
100 Top SAVM skape
11:00, Miekkerksrust, Viljoenskroon
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 10 OKTOBER 2019

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

VRYDAG - 11 OKTOBER 2019

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

SATERDAG - 12 OKTOBER 2019

POTCHEFSTROOM
RUSWATER DORMERS & KALKVLEY DORMERS
183 Top Dormers
11:00, Potchefstroom veilingkrale
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbloewid.co.za

